**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 10 OKTOBER 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. J Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

AKSIE

**BKN001/10/2019**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Senior Tikster open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**BKN002/10/2019**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid AJ du Plooy – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/10/2019**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/10/2019**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 12 SEPTEMBER 2019**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 12 September 2019 bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN005/10/2019**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/10/2019**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat op Sondag 13 Oktober 2019 die "Cycle Challenge" op Piketberg plaasvind;
- Dat op Vrydag 11 Oktober 2019 die "Better Together Games" in Saldanha plaasvind;
- Dat vanaf 25 - 26 Oktober 2019 die Visfabriektoernooi in Velddrif plaasvind; en
- Dat mnr. Karools Pedro (Gemeenskapsdienste) se moeder op 94 jarige ouderdom oorlede is.

***

**BKN007/10/2019**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/10/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/10/2019**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER EN VOORSITTER**

Geen

***

**BKN010/10/2019**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig terugvoering met betrekking tot die item onder bespreking.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/10/2019**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERG RIVER ESTUARY – TARIFFS**
**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That we acknowledge that there are ambiguities in the by-law that needs addressing;

2. That it be addressed during the first semester of 2020 (after a full summer season) before the 1st July 2020; and

3. That for this financial year we suffice with the interpretation that section 4.(1) of the by-law applies and that jet skis **are included** in section 4.(1) of the by-law, while sailing board, kite board, a rowing boat up to seven (7) metres, canoe and paddle skis **are excluded**.

***

***(Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 10:20 na die bespreking van bogenoemde item)***

**BKN012/10/2019**
**VERVREEMDING VAN DIE OU KLINIEK EN VIER WOONHUISE OP ERF 1339, PIKETBERG VANAF WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT NA BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**7/2/1; PB.1339**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat eienaarskap van Erf 1339, Piketberg by Weskus Distriksmunisipaliteit deur Bergrivier Munisipaliteit oorgeneem word, op voorwaarde dat **Weskus Distriksmunisipaliteit** verantwoordelik is vir alle oordragprosesse asook kostes verbonde aan die oordrag. Dat, indien die voorwaarde problematies blyk te wees die Direkteur Korporatiewe Dienste gemagtig word om hieroor te onderhandel met die Weskus Distriksmunisipaliteit;

2. Dat die huurinkomste verkry uit die strukture op Erf 1339, Piketberg vanaf datum van registrasie deur die huurders aan Bergrivier Munisipaliteit betaalbaar sal wees en dat **Direktoraat Finansiële Dienste** rekenings dienooreenkomstig sal uitstuur;

3. Dat Bergrivier Munisipaliteit se **Direktoraat Korporatiewe Dienste** (Departement Beplanning en Omgewingsbestuur) Erf 1339, Piketberg onderverdeel en hersoneer om voorsiening te maak vir afsonderlike Enkel Residensiële Sone 2 erwe asook Straat;

4. Dat Bergrivier Munisipaliteit se **Direktoraat Tegniese Dienste** begroot en toesien dat die straat, wat tydens onderverdeling geskep word, gebou word asook dat die afsonderlike erwe toegang tot dienste verkry; en

5. Dat Bergrivier Munisipaliteit se **Direktoraat Gemeenskapsdienste** (Menslike Nedersettings), na onderverdeling, eienaarskap van die huise aan begunstigdes hanteer ooreenkomstig die mees toepaslike wyse en binne wetgewende voorskrifte.

***

**BKN013/10/2019**
**VERSOEK OM MUNISIPALE NYWERHEIDSGROND IN PIKETBERG**
**PB. 3729**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Erf 3729 Piketberg nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;

2. Dat die eiendom per tender vervreem word teen ‘n inset prys van R200 000.00 (munisipale waardasie + opmeet koste);

3. Dat slegs diensverskaffers, inwoners of verbruikers wat binne die munisipale gebied van Bergrivier woon, genooi word om te tender en geadverteer word vir 30 dae;

4. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;

5. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir aansluitings tot munisipale ingenieursdienste tot bevrediging van hierdie munisipaliteit se tegniese direktoraat;

6. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne en dat die koste vir die uitwys van erfpenne deel vorm van die insetprys;

7. Dat die Begrotingsloodskomitee aanbeveel waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word, volgens die prioriteite en behoeftes van die munisipaliteit; en

8. Dat die Raad van mening is dat plaaslike besigheid voorkeur kry en dit so in spesifikasies aangedui word.

***

**BKN014/10/2019**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTES VAN ERF 1101 PIKETBERG (WATSONIA SPORTGROND)</u>**
**PB.1101**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad die huurbedrag, soos bepaal in Raadsbesluit No. RVN031/05/2018 van 29 Mei 2018, verminder na R3000.00 per maand (plus jaarlikse eskelasie van CPI).

***

**BKN015/10/2019**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 2384 PORTERVILLE</u>**
**7/2/1; PTV. 2384**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad nie Restant Erf 2384 Porterville vir munisipale dienslewering benodig nie,

2. Dat die Raad se voorneme om Restant Erf 2384 Porterville (15m² groot) te vervreem/verkoop teen R1000.00 sodat dit gekonsolideer kan word met Erf 1873 en 1934 Porterville, vir 14dae geadverteer word vir publieke kommentaar , en indien geen beswaar ontvang word nie daar voortgegaan kan word met punt nommer 3 en 4;

3. Dat die kooprys betaalbaar aan die munisipaliteit deur die

aangresende eienaars soos volg verdeel word:

3.1 Restant Erf 2384 aangresend tot Erf 1873 Porterville teen R833.30,

3.2 Oorblywende Restant aangresend tot Erf 1934 Porterville teen R166.70; en

4. Dat die konsolidasie en enige kostes voorspruitend uit die grondversoek vir die onderskeie grondeienaars sal wees.

***

**BKN016/10/2019**

**EXEMPTION REQUESTS FOR THE BERGRIVIER MUNICIPALITY BY-LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERG RIVER ESTUARY**

**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That Council **approve** the application from Department: Environmental, Forestry and Fisheries, under the following conditions:

1) That Exemption is for the use of the small research vessel, registered with SAMSA. Registration or official number: DTC 7036 B **(Annexure C);**

2) That Exemption granted to access the Estuary at the designated scheduled time intervals only, for surveying and research purposes. Exemption is granted for a period of nine months, as stated in section 17 (2) within the Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary, thereafter the applicant must re-apply for exemption;

3) That Exemption is for the purpose of environmental enhancement and quality checks of the water quality of the Berg River Estuary, as such research is encouraged and supported from an Environmental view point; and

4) That Skipper's ticket and applicable SAMSA documentation will still be applicable and the operator must still adhere to the rules and regulations as stipulated in the Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary.

***

**BKN017/10/2019**

**MAANDVERSLAG: PMU & BUILDING CONTROL: AUGUSTUS 2019**

**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Wessels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council and the Technical Services Portfolio Committee notes the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***

**BKN018/10/2019**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2019**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderlady Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for August 2019.

***

**BKN019/10/2019**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR AUGUST 2019**

The Portfolio Chairperson, Alderlady Crafford gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

The Executive Mayoral Committee notes the report on the implementation of the Supply Chain Management Policy, and that should the contents of the report be acceptable, they be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN020/10/2019**
**BEPALING VAN VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEITS VERKOOPSPUNTE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad kennis neem van die Bepaling van voorafbetaalde elektrisiteit verkoopspunte; en

2. Dat die Finansiële Dienste Komiteelede voorstelle maak by die volgende Finansiële Dienste Komiteevergadering op Woensdag 06 November 2019.

***

**BKN021/10/2019**
**WATERDIENSTE PLAN OUDIT**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Waterdienste Plan Oudit verslag aanvaar vir finale goedkeuring deur die Departement van Waterwese (DWS).

***WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN022/10/2019**
**HERROEPING VAN BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUIT 3762 RAKENDE DIE HANTERING VAN BOUPLANAANSOEKE VIR DIE OPRIGTING VAN KLEINER BOUWERKE INGEVOLGE DIE NASIONALE BOUREGULASIES EN BOUSTANDAARDE, WET 103 VAN 1977, SOOS GEWYSIG**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat goedkeuring vir kleiner bouwerke slegs toegestaan word mits:
   a. die fooie betaal word soos afgekondig in die 2019/2020 goedgekeurde tariewelys;
   b. dat alle aansoeke vir wendystrukture, indien die Boubeheerbeampte dit nodig ag, >18m² vergesel moet word van diagrammatiese sketsplanne met die plasing van die voorgenome struktuur met afstande vanaf bestaande strukture, toepaslike boulyne, posisie van bestaande strukture op erf, alle rioolpunte en afstande vanaf die grense van bestaande aangrensende strukture;
   c. die afsny grootte beperking van 18m² opgehef sal word en die diskresie van die Boubeheerbeampte sal bepaal of daar wel 'n kwytskelding, vir indiening van 'n formele bouplan aansoek, toegestaan kan word soos voorgeskryf in Artikel 13 van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig;

   *WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE*

   d. dat daar vir enige aansoek, ingevolge bogenoemde wet, formeel aansoek gedoen word op die voorgeskrewe bouplan aansoekvorm;
   e. dat die pro forma plan vir wendystrukture slegs gebruik sal word vir aansoeke ≤ 18m² en dat daar voorwaardes gestel moet word, indien die Boubeheerbeampte dit nodig ag;
   f. dat goedkeuring beperk word tot 'n maksimum periode van vyf jaar, vanaf datum van goedkeuring en dat daarna weer formeel aansoek gedoen word vir 'n goedkeuring van die volgende termyn en die eienaar verantwoordelik is vir die instandhouding van die struktuur en indien dit versleg dat die Boubeheerbeampte dan die goedkeuring kan terug trek;

   *WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE*

   g. goedkeuring/afkeuring skriftelik geskied en op die erflêer geplaas word; en
   h. elke aansoek, ingevolge bognoemde wet, vergesel moet word van 'n beëdigde verklaring wat die volgende bevat:
      - dat eienaar se munisipale rekening op datum is of 'n bewys bring dat daar 'n skuld erkenning/skuld afbetaling ooreenkoms aangegaan is ;
      - die grootte van die struktuur;
      - dat struktuur binne die boulyne opgerig sal word;

- dat alle brandafstande gehandhaaf sal word;
- dat daar vir 'n afsonderlike elektriese meter aansoek gedoen sal word;
- dat daar voorsiening gemaak sal word vir ablusie geriewe;
- dat die struktuur nie afbreuk sal doen aan die onmiddellike omgewing nie;
- dat dit dieselfde kleur as die primêre woning geverf sal word;
- dat die eienaar verantwoordelik is vir die behoorlike onderhoud en instandhouding van die struktuur tot bevrediging van die Nasionale bouregulasies (nie-nakoming kan lei tot kansellasie van die goedkeuring);
- dat die eienaar/aansoeker bewus is indien hy/sy nie die struktuur binne die voorgeskrewe ses (6) maande opgerig het nie, die goedkeuring sal verval.

***WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN023/10/2019**
**<u>OORWEGING VAN VERMINDERING OF TERUGBETALING VAN BOETES GEHEF OP ALLE ONGEMAGTIGDE BOUWERK IN DIE 2016/2017, 2017/2018, 2018/2019 FINANSIËLE JAAR EN VERMINDERING OF TERUGBETALING VAN ADDISIONELE FOOIE GEHEF VIR BOU SONDER GOEDGEKEURDE PLANNE VIR DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR OOREENKOMSTIG DIE RAAD SE GOEDGEKEURDE TARIEWE LYS VIR DIE SUPRA FINANSIËLE JARE</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word.

***WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN024/10/2019**
**<u>KRITIESE PERSONEELBEHOEFTES WAT DIENSLEWERING KORTWIEK</u>**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die kritiese personeelbehoeftes wat dienslewering kortwiek; en

2. Dat die behoefte geregistreer word deur die Direkteur Tegniese Dienste by die Begrotingsloodskomitee tydens die 2020/21 begrotingsproses.

***WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN025/10/2019**
**VELDDRIF SKAKELSTASIE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die moontlikheid ondersoek word om wyle Lynette Volschenk te vereer by die jaarlikse Prysuitdelingsfunksie wat op 27 November 2019 sal plaasvind vir die oorhandiging van 'n geborgde gedenkplaat deur Lyners en dat die gedenkplaat opgesit word by die substasieprojek waaraan sy gewerk het of dalk 'n boom plant by die substasie ter nagedagtenis aan haar; en
2. Dat die toekomstige straatname uitgemerk word aan die Beplanning en Omgewingsbestuur afdeling en dat die dorpe se erfenis in ag geneem word vir die oorweging van straatname.

***WAARNEMENDE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN026/10/2019**
**AANSOEK OM AFSKRYF VAN BRANDSTOF**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

Die Munisipale Bestuurder versoek die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste om 'n lys van die afgelope 10 jaar se afskrywings voor te lê by die volgende formele Direksie vergadering vir bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die brandstofverlies ;
2. Dat die brandstofverlies ter waarde van R81 907.18 afgeskryf word vir rekeningkundige rekords; en
3. Dat maatreëls in plek gestel word om soortgelyke verliese in die toekoms te bekamp waar moontlik en bekostigbaar.

***WAARNEMENDE DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN027/10/2019**
**KENNISNAME VAN ITEMS IN DIE BATEREGISTER WAT PER OPENBARE VEILING TE VERKOOP WAS**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in.

**AANBEVELINGS: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem dat die bates uitgedien is in Aanhangsel "A" van die verslag en nie meer benodig word vir munisipale dienslewering nie; en
2. Dat daar aansoek gedoen word vir goedkeuring by Nasionale Tesourie om hierdie bates aan sosiale en nie-winsgewende organisasies in Bergrivier Munisipale gebied te skenk vir ekonomiese ontwikkeling doeleindes.

***

**BKN028/10/2019**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN029/10/2019**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN030/10/2019**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN031/10/2019**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN032/10/2019**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN033/10/2019**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:15***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***